Saterdag 1 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Nuwe skooljaar

Die skole begin binnekort. Talle kinders se Desembervakansie was 'n nagmerrie, Kersfees 'n verleentheid, teleurstellend en pynlik. Baie staar hierdie jaar in die gesig sonder die sekuriteit van 'n normale gesonde ouerhuis. Vra die Heilige Gees om hoop in hulle harte te werk, vir genesing waar daar pyn is en insig vir al die uitdagings van die jaar. Bid spesifiek dat Christen-onderwysers en -dosente vir meer as net die akademie sal verantwoordelikheid neem. Dat hulle openlik sal getuig van die sin van die lewe en nood betyds sal raaksien.

Fokus op die nasies: Verenigde Koninkryk

Die Verenigde Koninkryk (VK) sluit Engeland, Skotland, Wallis en Noord-Ierland in. Ierland het hulleself in 1922 van Britse bewind bevry en 'n onstuimige Noord-Ierland agtergelaat as 'n provinsie van die Verenigde Koninkryk. Engeland het die grootste bevolking in die VK, met 49 miljoen mense. Bykans 'n derde van die Engelse leef in die vooruitstrewende suid-oostelike deel van die land, met Londen as middelpunt. Skotland ('n derde van die grootte van Brittanje), het 'n bevolking van 5 miljoen mense en Wallis 2,9 miljoen. Volgens die 2001 sensus is daar meer as 2,5 miljoen Asiate (meestal Indiërs en Pakistanis) en 1,1 miljoen mense vanuit Afrika en die Karibiese Eilande. Bid vir die kerk in die VK, dat Christene 'n nuwe passie sal hê om gebed, sending en geregtigheid te bevorder in elke gemeenskap, dorp en stad. Bid dat God hierdie nasie opnuut met herlewing sal aanraak! Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/united-kingdom/4540765141

Sondag 2 Januarie 2011

Bid die Woord (4) (Verv. 26 Des.)

Wanneer die Woord van God deur 'n gelowige, biddende hart gebid word, *sal dit die mag van die Bose verbreek, die mens van sonde bevry*, ons in noodsituasies red, en die wêreld om ons verander. Die Woord van God het die mag om te skep en te herskep. By geleentheid het Hudson Taylor gesê: "*We (Christians) are supernatural people: born again through a supernatural birth, driven by a supernatural power and nourished with supernatural food, taught by a supernatural Teacher from a supernatural Book."*

Die Woord is God: **Johannes 1:1-3** leer: *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.* Jesus is die Woord van God en die Woord is God. Die Woord was van die begin af daar. Omdat God Drie-Enig is, kan God en die Woord nooit van mekaar losgemaak word nie.

God stel Homself ondergeskik aan Sy Woord en verbind Homself aan Sy Woord. In **Psalm 138:2** lees ons: *U het u Naam en u Woord bo alles gestel.* God is dus getrou aan Sy Woord. Ons kan sê dat God Homself aan Sy Woord "onderwerp." Die NKJV vertaal hierdie vers as volg: *For You have magnified Your word above all Your Name.* Dit beteken God het Sy Woord bo Sy Naam gestel. Wat Sy Woord sê, dit doen Hy. (Aangehaal uit *Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert). Neem 'n gedeelte uit die Skrif; dit wat God op jou hart lê – miskien 'n Psalm of 'n hoofstuk uit Spreuke – bid deur die gedeelte vir jou gesin, familie en vir vriende. Onderwerp jou aan Sy opdragte, bely dit wat verkeerd is, ook namens jou geliefdes, en glo en bid die beloftes uit die deel wat jy lees vir hulle wat op jou hart is.

Maandag 3 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Kinders wat nog nooit gehoor het nie

Pleit vir die redding van kinders/jongmense van onbereikte nasies en in geslote lande wat nog nie een keer die evangelie gehoor het nie. Bid dat hulle op een of ander wyse die boodskap van die evangelie sal hoor, hetsy deur drome of visioene, radio-uitsendings of deur geheime Christene onder hulle. Vra dat Christene wat deur God na hierdie plekke geroep word, nie sal weghardloop soos Jona nie, maar sal gaan en finansieel, emosioneel en geestelik deur hulle gemeente of selgroep ondersteun sal word.

Jesus het vir élke kind en jongmens gesterf (**Joh.3:15-16**). Bid tweedens vir kinders in die stede van die wêreld - dat leerlinge nie sal toegee aan groepsdruk en begin rook, drink, dwelms gebruik of hul maagdelikheid prysgee nie. Vra ook dat ouers sal verstaan dat hulle nie hul kind se prestasies nie, maar net hulle kind sélf na die hemel kan saamneem. Bid hiermee saam dat kinders en jongmense hulle studies suksesvol sal voltooi en met hulle kwalifikasies 'n werk sal kan kry waarmee hulle genoeg verdien om selfonderhoudend te kan wees.

Fokus op die nasies: Portugal
Portugal lê aan die weskus van die Iberiese Skiereiland in die suidweste van Europa. Die meeste van die land se mense woon langs die kus en 'n derde in die stedelike gebiede van Lissabon en Porto. Ongeveer 190 miljoen mense wêreldwyd praat Portugees – bid vir 'n groter passie by Portugese Christene om hierdie mense te bereik. Daar is 'n klein aantal Christene wat in die armer suidelike provinsies van Portugal woon. Bid dat hierdie Christene toegerus en ondersteun sal word om die waarheid en liefde van Jesus teenoor mense in hulle gemeenskappe uit te leef. Meer as 90% van die bevolking raadpleeg spiritiste (mediums) en hekse. Bid dat hierdie binding gebreek sal word en dat die mense van Portugal Jesus sal leer ken en ons Hemelse Vader sal vertrou vir al hulle behoeftes.
Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/portugal/4540987806

Dinsdag 4 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Honger kinders
In **Lukas 12:22-33** belowe Jesus dat Sy kinders nie oor fisiese of geestelike versorging besorg hoef te wees nie. Kom ons bid dat honger kinders nie sonder Hom sal sterf nie. Herinner Hom aan hierdie belofte vir die honger kinders van die wêreld. Bid dat God jou 'n spesifieke plaaslike of oorsese groep kinders sal uitwys vir wie se fisiese nood jy kan intree. 'n Klein dogtertjie wat op een of ander manier by 'n plek uitgekom het waar hulle kos voorsien aan die wat nie het nie, was besig om haar bakkie kos te eet toe sy opkyk en vra: 'Tannie, is ek nou by die Here?' Vra vir God waar jý 'n bydrae kan maak om 'n kind se honger te stil. Bid vir stabiele regerings wêreldwyd met stabiele ekonomieë. Bid dat almal wat voedsel verkoop, "skale gebruik wat reg weeg." (**Spr.11:1**)

Fokus op Bybelvertaling: Plaaslike vertalers in sensitiewe areas
In geslote lande is daar mense vanuit verskeie gemeenskappe wat deel is van Bybelvertalingspanne. Dit is 'n uitdaging om aan die Woord te werk in 'n vyandige omgewing. Bid dat God vir hulle dit sal gee wat hulle nodig het om effektief te kan werk: waagmoed, geloof in Christus, 'n liefde vir God se Woord, deursettingsvermoë om die vertaling klaar te maak, tegniese vaardighede, beskerming teen die wat hulle teenstaan en vir 'brood op hulle tafel'. Bid spesifiek vir baie vreugde soos wat hulle die God van die Bybel beter leer ken. *Wycliffe* Prayer Focus Bulletin.
Webwerf: http://www.wycliffe.org/pray.aspx of e-pos: Personnel_SouthAfrika@wycliffe.org

Woensdag 5 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Gemolesteerde en verkragte kinders
Ek roep na die Here om hulp, ek smeek die Here om genade, ek stort my klag voor Hom uit en vertel Hom van my nood (**Ps.142:2,3**). Bid deurentyd dat die molestering en verkragting van kinders wêreldwyd sal stop. Dwarsoor die wêreld word kinders in hulle huise gemolesteer en verkrag deur familielede of vriende, of word hulle deur hulle eie ouers verkoop as seksslawe. In Orange Farms in Gauteng leer 'n pastoor klein kindertjies om vir hulle eie veiligheid te bid en hy getuig dat talle van hierdie kinders al uit verkragting situasies gered is. Bid dat gemolesteerde kinders na veiligheid gebring sal word en fisies, emosioneel en geestelik sal herstel. Vra ook God se genade vir kinderbruide wat geen seggenskap oor hulle lewens het nie en alle hoop vir die lewe verloor het. Loof God vir elke geval wêreldwyd waar hierdie dinge aan die lig gekom het en kinders gered is. Bly bid dat God ouers se gewetens sal aanspreek sodat hulle nooit hulle dogters sal verkoop of uitlewer aan volwasse mans nie.

Bid ook vir die talle kinders en babas (veral in SA) wat al deur inbrekers of vreemdelinge verkrag is. Vra dat God hulle sal optel en hulle stukkende lewens weer sal heelmaak.

Fokus op die nasies: Albanië
Albanië (met 'n bevolking van 3 170 000) het vir meer as 40 jaar onder 'n kommunistiese bewind gely – dit is in 1991 beëindig. Oorlog in die naburige Kosovo het veroorsaak dat 480 000 etniese Albanese vlugtelinge Albanië in 1999 binnegestroom het en dit het groot druk op die hulpbronne van die land geplaas. Tydens die kommunistiese bewind is Albanië as die eerste ateïstiese land ter wêreld verklaar, met hoegenaamd geen Christene waarvan ons bewus was nie. Na die val van kommunisme het 'n aantal sendelinge daarheen gegaan en 'n openheid vir die evangelie onder die jongmense gevind. Kerke is regoor die land geplant. Maar tans neem lidmaatgetalle van gemeentes af - mense is meer gesteld op geleerdheid en voorspoed. Bid vir 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees in die harte en gedagtes van die mense van Albanië en spesifiek dat gebedsinisiatiewe begin en in stand gehou sal word. Bid ook vir die bekering van President Bamir Topi (regeerder sedert 2007), en ander parlementslede. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/albania/4539780319

Donderdag 6 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Geestelike en kulturele ontwikkeling van kinders
In SA het die onderwysdepartement opgehou om musiekposte aan skole te subsidieer, terwyl daar soveel musikale begaafdheid onder kinders van agtergeblewe Suid-Afrikaners bestaan. Hulle kry dus nie die geleentheid kry om hierdie talente te ontwikkel nie. Bid dat daar weer subsidies sal kom vir musiekopleiding in SA. Loof Hom vir elke kind wat wél die geleentheid het om sy/haar musikale begaafdhede te ontwikkel – bid dat hulle dit tot eer van Sy Naam sal gebruik en nie hoogmoedig sal word nie. **Ps. 108** – *ek wil 'n lied sing...met harp en lier wil ek die rooidag wakker maak.*

Deurbraak: Nicaragua verwerp weereens druk van buite om aborsie te wettig
Nicaragua, een van die min lande ter wêreld wat 'n totale verbod op aborsie geplaas het, het weereens buitelandse druk om hulle wetgewing oor aborsie (*pro-life legislation*) te wysig, teengestaan. Elf lande het Nicaragua gevra om aborsie te wettig – volgens 'n verslag van sake by die *Human Rights Council (HRC)* van die *Verenigde Nasies* wat in Geneva gehou is. Webwerf: http://www.christiantelegraph.com/issue10063.html Dank die Here vir hierdie getuienis. Bid volhardend dat lande waar aborsie reeds gewettig is, sal terugdraai na God toe.

Bid vir kinders/jongmense (2)
Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die Koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. So sê Jesus vir Sy dissipels in **Lukas 18:16**. *Praat vir die wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van die wat te gronde gaan.* (**Spr.31:8**). Ons moet egter deurentyd onthou dat dit God alléén is wat ons in staat stel om vir kinders se saak op te kom, en hoe onmoontlik dit ook al vir ons klink: dat óns liefde vir ons kinders nie kan vergelyk met Sy volmaakte liefde as die Een wat hulle gemaak het nie. Soms wil selfs ons as Christene 'n regsaak met God aangaan – veral wanneer ons eie kinders ly, maar dan moet ons onsself weer daaraan herinner dat God se uitspraak regverdig is en dat Hy Sy saak wen wanneer Hy aangekla word. (**Rom.3:4b**). Wie van ons kan onreg by God aanwys? *Wie van julle kon sonde* (liefdeloosheid/harteloosheid) *by My aanwys?* vra Jesus in **Johannes 8:46**. God IS liefde. Ons moet Hom bly vertrou.
Wanneer ons vir kinders bid, moet ons egter ook onthou dat daar volgens **Romeine 3:10** onder kinders, net soos onder ons as grootmense, ook *nie een is wat goed doen nie, selfs nie een nie*. Wie kan sê "*Ek is rein, ek is onskuldig, sonder sonde?*" (**Spr.20:9**).
God wíl ons en ons kinders genadig wees. In **Miga 7:18-19** staan daar: *Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde, U straf nie die sonde van die wat uit U volk oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde. Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak.*

Vrydag 7 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Kinders wat die geweld van egskeiding beleef

Bid dat Christene sal verstaan dat die woord "geweld" nie net te doen het met aanranding, verkragting en moord nie. *Die Here God van Israel sê Hy haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie, sê die Here die Almagtige* (**Mal.2:15,16**). Pleit by God vir die herstel van ons samelewing se gesinne en veral huwelike. Die Bose is wêreldwyd besig om gesinstrukture af te takel d.m.v. buite-egtelike verhoudings, egskeidings, saambly, lesbiese en homoseksuele huwelike. Bid spesifiek vir kinders van vaders wat hulle eie kinders verwaarloos of 'weggooi' en 'n ander vrou se kinders in hulle plek as sy eie versorg. **Spr.27:8**: '*Soos 'n voël wat sy nes net so los, so is 'n man wat sy gesin in die steek laat.*'

Fokus op die nasies: Togo

Vinodi is 'n kinderbedieningsprojek in Togo. Volgens die boek *Operation World* is gemeentes in die land nie voldoende toegerus om die behoeftes van kinders en jongmense effektief aan te spreek nie en baie van hulle word ook aan buitelandse seks-organisasies verkoop. *Vinodi* leer ouers, gemeentes en onderwysers oor beskerming van die kinders en ondersteun ouers met die begin van klein besighede – soos bv. die verbouing van produkte wat hulle vir 'n inkomste kan verkoop, en ook kleremaak-vaardighede. Bid dat die werk van *Vinodi* 'n praktiese, positiewe bydrae in kinders se lewens sal maak. Bid dat ouers, kerkleiers en onderwysers God se hart vir kinders sal verstaan en dat hulle optrede, gesindheid teenoor en versorging van kinders in lyn hiermee sal wees. Bid vir die ouers wat klein besighede as inkomstebron vir hulle gesinne begin het - dat die besighede sal groei en dat die ouers hierdie nuwe inkomste op die beste manier sal aanwend, tot voordeel van en voorsiening vir hulle kinders. *Children at Risk Prayer News*.

Webwerwe: http://www.viva.org en http://www.operationworld.org/country/togo/owtext.html of e-pos: pray@viva.org

Saterdag 8 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Kinders wat geweld aanskou het

Ps.140:2: *Red my van mense wat sleg is, Here, beskerm my teen mense wat geweld pleeg*. In SA en wêreldwyd weet feitlik almal van ons van kleuters, kinders en jongmense wat die barbaarsheid van geweld deur ander mense aanskou het. Bid vir elkeen van hierdie kosbare kinders wat moes toekyk hoe iemand gemartel, verkrag of vermoor is. Bid dat hulle nie hulle vertroue in God sal verloor nie. Bid dat ouers genade sal hê om die voorbeeld te stel en hulle in hierdie tyd op God sal vertrou vir vertroosting en vir volkome bevryding van die emosionele nagevolge van die trauma, veral van vrees, bitterheid en vergeldingsdrange.

Fokus op die nasies: Duitsland

Duitsland is die land met die sterkste ekonomie en industriële taakmag in Europa en het die grootste bevolking (naas Rusland) in die Europese gebied. Die meeste Duitsers is stedelinge - ongeveer 86% woon in stede en dorpe. Duitsland het een van die wêreld se laagste geboortesyfers en is daarom aanloklik vir buitelandse werkers (+/- 7,3 miljoen immigrante). Bid spesifiek vir gesinne – dat huisgodsdiens herstel sal word en dat families herenig sal word. Bid dat Christene in Duitsland God se aangesig sal soek en sal bid vir die uitdra van die evangelie soos nog nooit van tevore. Dit wil voorkom asof politieke leiers, asook baie gewone Duitsers huiwerig is om standpunt oor enige saak in te neem uit vrees dat hulle as 'onverdraagsaam' gebrandmerk sal word, selfs wanneer hulle 'n goed-gefundeerde standpunt inneem. Bid dat Christene onverskrokke standpunt sal inneem vir dit wat reg is.

Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/germany/4539977562

Sondag 9 Januarie 2011

Bid die Woord (5) (Verv. 2 Jan.)

God se Woord skep (**Joh.1:3**), daar is skeppingskrag in die Woord. Jesus is die Woord van God en deur die Woord het God die heelal geskep. God die Vader het die skepping bedink, die Seun het die skeppingswoord gespreek (Hy is ook die skeppingswoord) en die Heilige Gees het die skepping tot stand gebring. In **Genesis 1** lees ons dat God *gesê* het: "*Laat daar lig wees*", "*Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom"*, *"Laat daar uit die aarde groen plante voortkom...", "Laat die aarde krioel van lewende wesens..."* Die woorde wat God gespreek het, het geskep, uit niks iets tot stand gebring. God se Woord kan (uit niks) tot stand bring wat nie was nie. *God se Woord is lewend, die Woord herskep en herstel.* Jesus Christus, die Woord, het na die aarde gekom om te herstel, te herskep, en om te versoen. *Die Woord van God is lewend en kragtig.* (**Heb.4:12**) Die woorde wat God spreek is lewend, dit is vol krag, dit stel energie vry, dit is aktief (besig om te werk). Wanneer ons die Woord van God neem, (die Woord wat uit die mond van God kom), en dit uitspreek, het dit skeppingskrag. Wanneer ons die Woord van God uitspreek, bring dit lewe, skep en herskep dit, stel dit krag vry, vernietig dit die werk van die Bose en bring dit orde. Let op die volgende twee Skrifgedeeltes oor die lewegewende krag van die Woord: *Ek verseker julle: Daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die dooies die stem van die Seun van God sal hoor, en dié wat daaraan gehoor gee, sal lewe.* (**Joh.5:25**) *Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe.* (**Joh.6:63**) Wat Jesus vir ons *sê,* kom van die Gees en *maak lewend.* Die Woord van God kan nie geboei word nie (**2 Tim.2:9**); dit maak die storms stil, genees die siekes, wek die dooies op, herstel verhoudings, bring versoening met God. Die Woord van God verbreek die werk van die duiwel, dryf bose geeste uit en bevry mense van die mag van Satan. (Aangehaal uit *Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert). *Herinner God aan die skeppingskrag van Sy Woord – 'Here, net 'n woord van U af kan my hart, my kind, my gemeente, my gemeenskap, my stad, my land, Afrika, núút maak, herstel, genees. Ek erken en bely U almag – vir U is alles moontlik.' Bid soos Hy jou lei.*

Internasionale fokus: Honour killing

Honour killing (ook bekend as *customary killing*) is die term wat gebruik word wanneer iemand ter wille van 'eer' vermoor word (gewoonlik vroue) deur 'n familielid of iemand in die gemeenskap (gewoonlik 'n man). Dit gebeur wanneer die familie of gemeenskap glo dat hierdie persoon op een of ander manier skande of oneer oor die familie of gemeenskap gebring het. Vroue word in hierdie gemeenskappe as die eiendom van mans beskou - 'n vrou kan dus doodgemaak word as sy nie wil trou met iemand wat deur die familie uitgesoek is nie, of as sy die slagoffer van seksuele aanranding is, of as sy vra vir egskeiding of a.g.v. beweerde owerspel of uitlokking van mans. Selfs net die persepsie dat 'n vrou (of jong meisie) op 'n manier opgetree het wat oneer oor die familie gebring het, kan genoeg wees om haar dood te maak. In die geval van mans word homoseksualiteit dikwels as beweegrede vir moord deur familielede beskou. (Vroue in die familie of gemeenskap waar *honour killing* gebruiklik is, ondersteun gewoonlik die pogings om iemand wat skande oor die familie of gemeenskap gebring het, dood te maak.)

Daar vind na bewering 5,000 van hierdie moorde elke jaar plaas. In Pakistan het daar bv. in 2002 'n beraamde 245 vroue en 137 mans as slagoffers van *honour killings* gesterf. Daar is bevestigde gevalle van *honour killings* in Egipte, Jordanië, Libanon, Marokko, Pakistan, Sirië, Turkye, Jemen en ander lande in die Midde-Ooste. Dit gebeur selfs in immigrante gemeenskappe in lande soos Frankryk, Duitsland en Brittanje.

Wanneer 'n vrou of jong meisie verkrag word, gebeur dit dikwels dat hulle selfmoord pleeg om 'n *honour killing* vry te spring. Sowat 80 vroue in die Diyala provinsie in Sirië het selfmoordbom-aanvallers geword om die skande en gevolge van verkragting vry te spring. 'n 50-Jarige Irakese vrou, Samira Jassim, het aan die polisie erken dat sy verkragtings beplan het om daardeur mense te werf wat selfmoordbom-aanvallers kan wees.

Dank God vir elkeen wat *honour killing* pogings kon vryspring. Bid vir die bevryding van gemeenskappe waar vrees vir skande en oneer hulle lewens oorheers. Bid dat die Gees van God mense van die dwaasheid en afgryse van hierdie moorde sal oortuig en hulle sal help om te verstaan dat dit júís die *honour killings* is wat skandelik is en oneer bring. Bid dat mans, vroue en kinders in hierdie gemeenskappe hulle waarde in Jesus Christus sal ontdek. Bid vir plekke van veiligheid, veral vir jong meisies en vroue wat potensiële slagoffers van *honour killings* is.
Webwerf: http://en.wikipedia.org/wiki/Honour_killing

Maandag 10 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Fisies gestremde of geskende kinders
Wêreldwyd is daar kinders en jongmense wat geskend of fisies gestremd is. Bid vir kinders en jongmense in rolstoele, kinders sonder 'n hand, 'n arm of 'n been, blinde kinders, dowe kinders. Bid dat hulle 'n vriendekring sal vind waar hulle tuis kan voel. Vra dat kinders hulself nie sal oorgee aan depressie en wanhoop nie. Bid dat hulle hulself akademies sal kan bekwaam en 'n werk sal kry om selfversorgend te wees. Bid vir uitkoms met die betaal van hospitaal- en doktersrekeninge. Bid vir geskende kinders, kinders wat bv. met 'n geboortevlek in die gesig gebore is, deur honde verskeur is of brandwonde opgedoen het. Bid vir Albino kinders. Bid dat hulle Jesus se liefde sal beleef en vir aanvaarding in hulle gemeenskappe. Bid vir mediese deurbrake sodat hierdie kinders gehelp kan word. Onthou **Num.23:19** – sou **iets** vir God onmoontlik wees?!

Fokus op die nasies: Italië
Italië bestaan basies uit twee dele – die vooruitstrewende, geïndustrialiseerde noorde en die minder ontwikkelde landbougebied in die suide (bekend as die Mezzogiorno – 'land van die middagson'). Die regering beveg korrupsie en georganiseerde misdaad en werk ook daaraan om die werkloosheidsyfer (wat twee keer hoër in die suide as in die noorde is) te bekamp. 'n Grondwetlike referendum is in 2001 gehou om hierdie ongelykhede tussen die twee streke aan te spreek – met die gevolg dat daar groter selfbestuur aan die land se 20 streke gegee is t.o.v. belasting, onderwys en omgewingsbeleid. Loof God hiervoor. Turyn, die industriële hoofstad (swaar industrie) is die setel van Fiat—een van die wêreld se grootste motorvervaardigers. Die 'heilige kleed' in Turyn se katedraal is 'n groot aantrekkingskrag vir pelgrims en toeriste – volgens tradisie is dit die doek waarin Christus toegedraai was na die kruisiging. Rome, Italië se hoofstad, het argitektoniese erfenisse en kunsskatte wat uit die antieke beskawings dateer. Bid vir meer werkers om Jesus Christus, die opgestane Here aan die mense van Italië te verkondig. Bid dat verdeeldheid sal verdwyn en dat kerke oor denominasies heen, ryk en arm, saam op 'n gereelde basis sal begin bid. Roep tot God dat harte aangeraak sal word en dat duisende in opregte verootmoediging na God sal draai. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/italy/4539780320

Dinsdag 11 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Kinders wat ly onder 'n stiefouer
Daar is soveel wonderlike stiefouers, maar daar is ook wêreldwyd kinders/jongmense wat ernstig ly onder 'n stiefma/stiefpa. Talle stiefkinders word doelbewus verneder, afgeskeep, onbillik behandel en selfs gemolesteer deur 'n stiefouer of stiefbroer. Roep uit tot die volmaakte Vader van alle kinders om die lyding van hierdie kinders raak te sien en uitkoms te gee. Bid dan dat die kind iemand in sy/haar vertroue sal neem wat saam met hom/haar kan begin bid vir hierdie situasie. Bid spesifiek vir hulle fisiese beskerming en versorging. In 'n sekere sin word kinders uit gebroke huise dikwels 'wees' gelaat; die pa én die ma verander en kan nie meer sekuriteit bied soos voorheen nie. Bid dat stief stiefouers **Spr.23:10b** sal raaklees en hulle sal bekeer – '*Moenie weeskinders se grond vat nie, want hulle Beskermer is magtig. Hy sal hulle saak teen jou behartig.*'

Fokus op Bybelvertaling: Digitale publikasie in sensitiewe streke

'n Agentskap fokus op die publisering van inligting, kulturele materiaal en Skrifgedeeltes op die Internet aan mense in hulle moedertale. Hierdie span werk hard om dit op die doeltreffendste manier te doen, maar ondervind baie struikelblokke. Bid dat God hulle sal beskerm, die hindernisse uit die weg sal neem en hulle wysheid sal gee om materiaal op effektiewe en kreatiewe wyses op die web te kan publiseer. Bid vir spesiale kundigheid en vaardighede wat benodig word, asook vir die nodige personeel en fondse vir die werk. Bid vir mense in geslote lande – die Internet is waarskynlik die enigste manier waarop hulle die Bybel in hulle eie taal sal kan bekom. *Wycliffe* Prayer Focus Bulletin.
Webwerf: http://www.wycliffe.org/pray.aspx of e-pos: Personnel_SouthAfrika@wycliffe.org

Woensdag 12 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Kinders wat pouse alleen sit
Die lyding en eensaamheid wat verstote kinders deurmaak, is hartverskeurend. Bid dat daar vir elke skoolkind minstens een maat sal wees. Bid dat veral Christenkinders sal weier om deel te neem aan afknouers se wreedheid en hulle sal ontferm oor eenkant kinders. Bid vir kinders wat oorgewig is, wat hakkel, wat sleg ruik, kinders met aknee of enige iets wat ongevoelige kinders kan gebruik om so 'n kind uit te stoot. Bid dat hierdie kinders hulle identiteit in Jesus as hulle Redder en Vriend sal vind en nie bv. in die okkulte nie. Moedig jou eie kinders aan om hierdie kinders in te sluit en na hulle uit te reik en vir hulle 'n vriend te wees. **Spr.18:24**: '*Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.*'

Fokus op die nasies: Niger
Ongeveer 60% van die bevolking van Niger gaan waarskynlik 'n voedseltekort beleef a.g.v. die droogte hierdie jaar. Daar word beraam dat sowat 19,000 kinders hulle skole dan sal moet verlaat in 'n poging om hulle ouers te help om vir hulle gesinne te kan sorg. Baie families het na ander streke beweeg op soek na water, kos en weiding vir hulle vee. Bid vir die mense van Niger wat deur hierdie droogte geaffekteer word. Bid spesifiek vir die kinders wat uit die skool moet gaan om saam met hulle ouers te trek. Vra dat God reën in hierdie streek sal gee. Bid ook vir die veiligheid van die kinders terwyl hulle ouers wegtrek, vir beskerming teen mishandeling en uitbuiting. *Children at Risk Prayer News*.
Webwerf: http://www.viva.org/ of e-pos: pray@viva.org

Donderdag 13 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Siek kinders
Daar is wêreldwyd kinders wat ly aan ongeneeslike siektes. Hulle daaglikse roetines bestaan dikwels uit inspuitings, chemoterapie, bestraling, pille en pynlike/ongemaklike prosedures. Bid vir die wat pyn en naarheid ervaar of hulle hare verloor. Pleit by God dat hulle nie snags nagmerries sal hê of angsgedagtes oor die dood nie. Vra dat die dood vir hulle geen verskrikking sal inhou nie. Bid vir genesing van kinders met ongeneeslike siektes. Bly bid vir mediese deurbrake. Bid vir broers en susters van siek kinders of kinders wat sterf. Hulle nood word dikwels misgekyk omdat ouers te besig is met die siek kind of om oor die dood te treur.

Fokus op Rio de Janeiro
Terwyl die kollig van die wêreld val op Brasilië, met sy relatief gesonde ekonomiese groei; dreig die toename in bende-geweld, dwelmsmokkelary en groterwordende plakkerskamp-areas in Rio om die land se vooruitgang te belemmer. Rio de Janeiro, die tweede grootste stad in Brasilië, sal die gasheer van die *2014 FIFA Wêreldsokkerbeker* toernooi en die *2016 Olimpiese Spele* wees (twee van die wêreld se populêrste sportbyeenkomste). Gevolglik fokus nuusberigte wêreldwyd op die land se groeiende armoede en stygende misdaadsyfers. Geweld is 'n alledaagse verskynsel vir beide die polisie en die meer as 11 miljoen inwoners in en rondom die *favelas*, Rio se plakkerskampe, wat oorheers word deur swaargewapende dwelmbendes. Meer as 6,000 mense word jaarliks vermoor, wat vergelyk met getalle van 'n oorlog-geteisterde gebied. Webwerf:

http://www.realtruth.org/articles/100510-005-crime.html Roep uit tot die Here namens die mense van Rio de Janeiro, vir groot deurbrake vir die evangelie in hierdie land in die volgende paar jaar en dat dié wat betrokke is by geweld en misdaad, se harte aangeraak sal word. Bid veral vir die kinders. God kán en wil die lot van mense wat ly, verander!

Bid vir kinders/jongmense (2)
Praktiese wenke: Vir wie/hoe?
1. Jou eie kinders, kleinkinders of kinders in die familie: wanneer jy 'n belofte by die Here gekry het vir 'n spesifieke kind, skryf dit neer op 'n helderkleurige stukkie papier en plak dit by 'n foto van die spesifieke kind langs jou bed en herinner Hom dag en nag aan Sy belofte. Doen dit met wysheid sodat 'n kind nie in verleentheid beland of vyandig raak hieroor nie.
2. Doen bv. dieselfde met kinders buite jou onmiddellike familiekring: Skryf o.l.v. die Heilige Gees 'n paar name van kinders/jongmense vir wie jy graag wil bid op 'n helderkleurige plakkaat - begelei hulle as't ware met gebed deur hul skool- en studentejare. Moenie ophou voordat die Heilige Gees die las wegneem nie. (Jy bid dalk vir 'n 20ste eeuse Martin Luther).
3. Pasgebore babas: Wanneer jy weet van 'n baba wat gebore is, bid onmiddellik (indien moontlik by die naam) vir die baba se wedergeboorte en 'n geseënde en godvrugtige lewe – maak 'n gewoonte daarvan om by inseëning en doopgeleenthede 'n baba 'aan te neem deur gebed.'
4. Neem 'n spesifieke groep kinders deur gebed aan, bv. a) 'n Sportgroep: die 1ste/4de rugby-, hokkie-, skaak- of netbalspan van 'n plaaslike skool. Bid vir elke faset van hulle lewens. b) Neem 'n groep van 'n ander kultuur as jou eie deur gebed aan. Bid bv. vir die kinders van die Khoi, die straatkinders van Egipte, oorlog geteisterde kinders in Afrika of vir die kinders van wit plakkerskampe rondom Pretoria (SA) ens.

Vrydag 14 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Kinders wat hoop verloor het en aan depressie ly
Wêreldwyd ly kinders aan depressie. Bid dat onkunde en stigma daadwerklik sal verander. Bid verder dat hulle waar nodig met medikasie gehelp kan word. Tweedens, selfmoord: Net die afsê deur 'n meisie of 'n kêrel kan 'n tiener se hele wêreld in duie laat stort. Bid dat hulle nie selfmoord sal pleeg nie, maar dat maats of ouers betyds sal ingryp. Wanneer ouers afgedank word en daar skielik nie meer in hulle basiese behoeftes voorsien kan word nie, verloor kinders dikwels hoop. Hulle beleef die geweld van oorlog, vrees terroriste-aanvalle en baie vrees dat hulle nie gaan werk kry nie. Daar is soveel druk op ons kinders – pleit by God volgens die beloftes in Sy Woord en veral vir Christen-ouers se kinders. Bv. **Spr.14:26**: '*Wie die Here dien, het daarin 'n veilige toevlug en ook sy kinders vind daar skuiling.*'

Fokus op evangelisasie: Die Malto's van Indië
Die Malto's (1,2 miljoen) is een van die oorspronklike volksgroepe van Indië wat in die Rajmahal heuwels van die Jharkhand provinsie in Indië woon. Hulle is animisties en baie arm - eet beswaarlik een maaltyd per dag. Hulle is ongeletterd en word daarom baie keer deur mense bedrieg wat geld aan hulle leen, en die skuldeisers vra lewenslange terugbetaling. Bid **Spr.14:31** vir hierdie bedrieërs. Bid dat Christene na hierdie volksgroep sal uitreik om hulle te leer lees en skryf. Bid dat Christendokters hierdie mense sal bedien, onder wie 'n aantal dodelike siektes soos Malaria, Diarree, Tuberkulose en *Kalaazar* voorkom. Bid veral vir die kinders! Loof die Here vir minstens 523 gemeentes onder die Malto's in Jharkhand. *Church Planter June 2010*. E-pos: ecichurchplanter@gmail.com

Artikel: Ouers wat bid: Hoe om jou kind na die Here te lei
Minstens 80% van alle mense gee hulle lewens vir die Here voor die ouderdom van 14 jaar. Dit is krities belangrik vir ouers om juis in hierdie periode baie aktief vir hulle kinders se bekering te bid. Veral om ook hul geestelike verantwoordelikheid op te neem om hulle kinders na die Here toe te lei. **Maleagi 2:15** sê baie duidelik dat God se doel met die huwelik is om 'n geestelike nageslag voort te bring wat

Hom sal eer. God plaas 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van ouers en ons mag dit nie verontagsaam nie. Ons sal uiteindelik teenoor God self rekenskap moet gee oor die opvoeding van ons kinders en ook die geestelike verantwoordelikheid wat ons as ouers teenoor ons kinders het. As ouer is jou grootste verantwoordelikheid om jou kind na die Here te lei. Dit staan ver bó jou kind se opvoeding, prestasie of posisie.

1. Bid reeds voor jou kinders gebore word vir hulle verhouding met God hulle Vader en vir hulle wedergeboorte en bekering. (Moet dus nie eers begin bid wanneer hulle 14 is nie!)
2. Wanneer jy bid, kan jy jouself beroep op God se beloftes dat Hy wil hê dat almal gered sal word (**2 Pet.3:9**), dat Jesus Christus gekom het sodat mense gered kan word (**Joh.3:16**), dat dit Sy wil is dat elke mens tot bekering sal kom (**Eseg.18:23**), dat dit nie die wil van die Vader is dat kinders verlore sal gaan nie (**Matt.18:14**) en dat dit God se begeerte is dat alle mense gered sal word en tot kennis van die waarheid sal kom (**1 Tim.2:3-4**). Onderstreep hierdie Skrifgedeeltes, skryf dit neer en herinner die Here voortdurend aan hierdie beloftes en ook Sy wil vir kinders.
3. Daar is min dinge so belangrik soos jou as ouer se voorbeeld as egte Christen voor jou kinders. Baie keer maak ons egter foute. Dan is dit belangrik om dit te erken en waar nodig vir ons kinders om vergifnis te vra as ons iets gedoen het wat hulle benadeel het. Dit maak 'n geweldige indruk op kinders. Baie mense dink dat kinders hulle respek vir hulle as ouers sal verloor as hulle erken dat hulle verkeerd was – presies die teenoorgestelde is egter waar. Hulle leer dan van kleins af om te vergewe en ook dat God genadig is en vergewe.
4. Moenie vir jou kinders 'preek' of moedeloos maak met reëls en wette nie. Moenie die Bybel of jou eie "godsdiens" op hulle afdwing nie, maar getuig doodnatuurlik van jou belewenis van God en wat Hy vir jou beteken en wat Hy vir jou doen en gedoen het.
5. Bid so dikwels moontlik saam met jou kind oor allerhande dinge. Help jou kinders om self ook te bid, maar moet hulle nie forseer nie. Selfs al het hy/sy nog nie tot bekering gekom nie. Dit leer die kind dat daar iemand is wat kan en wil help - wys jou kinders daarop wanneer God gebed antwoord. Dit bemoedig hulle en gee hulle groter vrymoedigheid om te bid. Moenie te vinnig jou kinders se gebede probeer korrigeer nie. Wanneer jy bid, leer jou kinders deur jou voorbeeld hoe om te bid.
6. Moenie met jou kinders raas as hulle verkeerd doen en hulle met die "hel" dreig nie. Praat met hulle oor die konsekwensies van hulle optrede, dat dit God hartseer maak, hulleself skade berokken en ander mense seermaak. Waar daar dissipline nodig is, pas die dissipline toe, maar in verhouding met die oortreding.
7. Jou kinders moet leer dat God 'n Vader is wat hulle onvoorwaardelik lief het en hulle sonde wil vergewe. Jou kinders moet egter ook leer dat God 'n Vader én God is. Hulle móét leer om God te eer en met respek te behandel.
8. Wys jou kinders daarop dat Jesus vir al hulle sondes betaal het. Leer hulle wat in **1 Joh.1:9** staan.
9. Moenie haastig wees nie. Moenie self probeer om jou kind te bekeer nie. Moet hulle nie druk om 'n oorgawe te maak nie. Laat die Heilige Gees toe om te werk. Die Heilige Gees weet hoe om met elke kind te werk. Jou werk is om te bid en jou kind van God te leer. Dit is die taak van die Heilige Gees om van sonde te oortuig, wedergeboorte in jou kind se hart bewerk en hom/haar tot by die punt te bring waar hulle hul lewe aan God oorgee. Vra die Heilige Gees om jou kinders geestelik lewendig te maak. 'n Mens kan dit nie doen nie (**Joh.6:63**).
10. **Op.3:20** is 'n baie goeie Skrifgedeelte om te gebruik om jou kind te help om die Here Jesus as Verlosser aan te neem wanneer hy/sy die dag daarvoor gereed is – bid saam met hulle dat hulle die deur van hulle hart kan oopmaak en Jesus sal toelaat om in te kom. Die volgende is 'n eenvoudige gebed wat jy saam met jou kind kan bid wanneer hy/sy gereed is: *Here Jesus, ek maak vandag die deur van my hart vir U oop en vra dat U in my hart sal inkom en vir altyd daar sal bly. Maak my hart skoon van alle sonde en vergewe my vir elke sonde. Vul my met die Heilige Gees sodat ek elke dag vir U kan lewe. Dankie dat ek nou U kind kan wees. Dankie dat ek nou vir altyd*

aan U behoort. Amen. Jy kan jou kind help om die gebed stukkie vir stukkie agter jou aan te bid, maar dit is belangrik dat hy/sy self ook moet bid – jy kan nie namens jou kind hierdie gebed bid nie.

Saterdag 15 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Kinders/jongmense wat 'nie tel nie'

Daar is wêreldwyd kinders en jongmense wat nêrens uitblink nie: wat nie besonder aantreklik, slim, sportief of gewild is nie. Daar is kinders wat nooit in die moeilikheid beland nie en dus nie aandag trek nie, goed presteer maar net nie goed genoeg vir 'ere-rolle' nie. Bid vir hierdie kinders wat volgens mensgemaakte standaarde nie vir erkenning "kwalifiseer" nie. Bid dat onderwysers en dosente sal ophou om witbroodjies te hê of gewild te probeer wees by sekere leerders/studente. Vra dat kinders wêreldwyd hulle waarde in God deur Jesus sal ontdek en 'n persoonlike pad met Hom sal begin stap en die onbelangrikheid van menslike toekennings en gewildheid vroeg sal verstaan en daarvan vrykom. **Hand.10:34** (OV): *Die Here is nie 'n aannemer van die persoon nie*.

Fokus op die nasies: Hongarye

Buitelandse investering en private organisasies floreer in hierdie land. Die ekonomie is sterk, met 'n lae inflasiekoers en dalende rentekoerse. Meer as 60% van Hongarye se uitvoere is na lande in die Europese Unie. Hongarye het in 2004 by die Europese Unie aangesluit. Bid dat die kerk 'n ware, relevante getuie van Jesus sal wees wanneer die Hongare soek na antwoorde op vrae van die lewe in tye van geweldig groot veranderinge. Vra dat die Heilige Gees hulle tot wedergeboorte sal lei, bid vir versoening en vernuwing onder alle denominasies en dat die volk ook met God versoen sal word. Bid spesifiek dat God baie werkers sal stuur en dat hulle toegewyde ondersteuning van die plaaslike gelowiges sal ontvang om die mense van Hongarye te bedien. Bid spesifiek vir die Hongaarse kinders! '*Laat die kindertjies na My toe kom...*' **Luk.18:16**. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/hungary/4541771303

Sondag 16 Januarie 2011

Bid die Woord (6) (Verv. 9 Jan.) (Skrif-oordenking)

God se beloftes. God gee vir ons Sy beloftes in woorde in Sy Woord. Die Woord is God se belofte. Die Gees van God is die Belofte van God. (**Hand.1:4**) In **Handelinge 1** lees ons hoe die vroeë Christelike kerk vir die Belofte van God vra, Hom wat God belowe het. Hulle het God se Belofte gevra en dit verkry. God reageer op Sy Woord, Hy hou Sy beloftes, Hy vervul Sy beloftes, want Sy beloftes is Sy woorde. En in Sy soewereiniteit het Hy Homself vrywillig ondergeskik gestel aan Sy woord. Dit beteken as't ware Sy Woord is Sy opdrag aan Homself. Kyk noukeurig na wat die Woord oor die beloftes (die woorde van God) sê: *Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.* (**Heb.10:23**) *En nou, Here, U is God. U woorde sal bewaarheid word. U het hierdie goeie belofte aan u dienaar gemaak.* (**2 Sam.7:28**) *Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee.* (**Rom.4:20**) *Geloof sy die Here wat aan Sy volk Israel 'n vaste woonplek gegee het soos Hy beloof het. Nie een van die goeie beloftes wat Hy deur Sy dienaar Moses gemaak het, het onvervul gebly nie.* (**1 Kon.8:56**) *Die Woord van die Here, dít bly vir ewig." En hierdie Woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.* (**1 Pet.1:25**) *Die hemel en die aarde sal vergaan, maar My woorde nooit.* (**Matt.24:35**) *Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U Woord is die waarheid.* (**Joh.17:17**) *U Woord, Here, staan vir altyd vas in die hemel.* (**Ps.119:89**). (Aangehaal uit *Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert). Herinner God aan Sy beloftes vir twee sake waarvoor jy nou al jare bid.

Deurbraak: Melaatsheid bykans uitgewis in Nepal

Hierdie antieke kwaal is eers onlangs in Nepal onder beheer gebring en die land het daarin geslaag om dit bykans totaal uit te wis. Nepal is een van die laaste lande om hierdie siekte te elimineer. Nepal se gesondheidsdepartement sê hulle kon die aantal melaatse pasiënte afbring tot minder as 10,000, wat

die *Wêreld Gesondheidsorganisasie (WHO)* se standaard is as verklaring dat die siekte uitgewis is in 'n bepaalde land. Die voorkoms van hierdie siekte het in 2009 gedaal tot 0.89 per 10,000 mense. Die siekte word nie langer as 'n publieke gesondheidsprobleem geklassifiseer nie. Webwerf: http://health.iAfrika.com/illness_condition/2175580.htm Dank die Here vir hierdie getuienis. Bid steeds vir die afname van melaatsheid ook in ander lande. Bid vir die Suid-Afrikaanse vrou wat mense in die berge van Nepal, wat aan melaatsheid ly, gereeld besoek en versorg.

Maandag 17 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Swartskape (verstotelinge, rebelle, 'uitsonderinge' in die familie)

Dit is bitter om die swartskaap van 'n gesin of familie te wees – om gebrandmerk te word as die een wat nie aanvaarbaar is nie, die een wat nie suksesvol is nie en van wie dit net nie verwag word om ooit suksesvol te wees nie. Jesus het ook vir "swartskape" gesterf. Bid dat ouers elke kind in die gesin regverdig sal behandel en niemand sal voortrek nie, en dat elke kind in elke gesin tot sy/haar volle reg sal kom. Bid vandag dat swartskape dwarsoor die wêreld met hulle familie versoen sal word.

Rentmeester fokus: *World Future Energy Summit*: 17-20 Januarie 2011

Die jaarlikse *World Future Energy Summit (WFES)* in Abu Dhabi is die wêreld se grootste byeenkoms van die belangrikste rolspelers in die hernubare energie-industrie. In 2010 is *WFES* bygewoon deur 24,760 mense vanuit 130 lande, insluitend wêreldleiers, internasionale beleidsbepalers, leiers in die industrieë, beleggers, kenners, kundiges en joernaliste met die doel om praktiese en volhoubare oplossings te vind vir die behoud van die huidige energie en vir uitdagings t.o.v. klimaatsveranderinge. Hierdie byeenkoms verenig industrie-leiers, beleidvormers en navorsers om die uitdagings te bespreek van die groeiende behoefte aan energie-bronne en om 'n skoner en meer volhoubare energie-toekoms vir die wêreld te beplan. Webwerf: http://www.worldfutureenergysummit.com/en/summit/summit-overview.aspx Bid asb. vir God se inspraak in die harte en gedagtes van almal wat die spitsberaad bywoon, dat hulle besluite sal neem wat Sy Naam verheerlik, spesifiek t.o.v. hernubare energie-strategieë, ekonomiese besluite, tegnologie, investering en opleiding.

Dinsdag 18 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Jongmense wat hulle geloof verloor

Spreuke 21:30: *Teenoor die Here geld geen menslike wysheid, insig of besluit nie*. Miskien weet jy van jongmense wat entoesiasties met teologiese opleiding begin het en mettertyd van hulle eerste oortuigings afgesien het. Hulle verander, het nie meer 'n boodskap nie en sien neer op gelowiges wat bly staan by die gesag van die Woord. Pleit vir studente wat blootgestel is aan dwaallering. Bid vir dosente wat die gesag van die Woord bevraagteken, jongmense in hulle geloof laat struikel en sodoende die gevaar loop om onder God se oordeel te kom.

Fokus op Bybelvertaling: Onluste in sensitiewe areas

Bid vir lande waaroor nuusberigte verskyn het van episodes van onrus en geweld. Daar is Bybelvertalingspanne in baie van hierdie plekke en hulle werk word geaffekteer deur dit wat rondom hulle gebeur. Vra dat God vrede in hierdie onrus-gebiede sal bring. Bid vir die regerings - om met wysheid te regeer en vryheid aan Christene te gee om hulle lewensroeping na te streef. Daar is baie verhale van Bybelvertalers wat swaar gely het om die Woord aan hul mense beskikbaar te kon stel. Bid vir moed en deursettingsvermoë om te kan volhard. Dit is 'n feit dat baie vertalers siek word of selfs doodgaan tydens Bybelvertalings en dat daar buitengewone weerstand is wanneer vertalings by die punt van afhandeling kom. *Wycliffe* Prayer Focus Bulletin. Webwerf: http://www.wycliffe.org/pray.aspx of e-pos: Personnel_SouthAfrika@wycliffe.org

Woensdag 19 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Kinders/jongmense van 'n ma wat hulle verlaat vir 'n ander vrou

Daar is kinders wat deur hulle ma verlaat is vir 'n ander vrou, en pa's wat hulle ma's verlaat het vir 'n ander man. So 'n kind beleef bo en behalwe die geweld van 'n egskeiding, die skok en verwarring van onnatuurlike gedrag van ouers na wie hulle opgesien het. Hulle wil lojaal bly aan albei ouers, en weet nie hoe om dit te hanteer nie. Bid dat God aan hierdie kinders sal wys wat die waarheid is, wat Sy bedoeling met die huwelik is dat hulle nie bitter en verwerp sal voel nie. Bid dat die kinders God die Vader deur Jesus sal ontdek by Wie hulle hulle harte kan gaan uitstort. Pleit dat hulle self eendag gesonde huwelike sal hê.

Fokus op die nasies: België
Daar is drie streke in die federale staat van België: Vlaandere in die noorde (met 5,8 miljoen mense) waar die amptelike taal Nederlands is; Wallonia in die suide (met 3,3 miljoen mense) met Frans as die amptelike taal; en Brussels – die hoofstad (950 000 mense) waar beide Nederlands en Frans gepraat word. Die kleiner Duitssprekende gemeenskap (ongeveer 70 000 mense) is in Wallonia. Die streke en taal-gemeenskappe is selfbesturend wat kulturele en ekonomiese sake betref. België is die wêreld se grootste produsent van azaleas ('n blom-struik). Antwerpen, België se tweede-grootste stad, is die diamant-hoofstad van die wêreld. Brussels is ook die hoofkantoor van die Europese Unie en die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie. Bid vir die koningshuis, nasionale en plaaslike regering, dat hulle wat leiding gee, met geregtigheid en integriteit hulle taak met doelgerigtheid sal uitvoer en ontvanklik vir God se Woord en Gees sal bly. Bid vir eenheid binne en tussen gemeentes in België en ook vir eenheid tussen denominasies. Bid vir vlugtelinge en hulle wat aansoek doen om asiel; dat die Belge hulle met liefde en gasvryheid sal ontvang en ook vir die kerke in die groot stede – om toegerus te wees om hulle te kan bedien en te kan ondersteun.
Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/belgium/4540591724

Donderdag 20 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Kinders/jongmense van siek ouers of ouers wat gesterf het
Daar is wêreldwyd kinders wat die rol van 'n ouer moes oorneem nadat die ouer/ouers siek geword of gesterf het. So 'n kind dra soms laste wat strek ver bo hul ouderdom. Dogters moet skielik huishoudings oorneem en jonger kinders versorg. Seuns moet hulle studies staak en 'n werk soek om finansieel by te dra. Daar is nie sprake van onbesorgde kinderjare nie. Bid vir hulle vir liggaamlike krag, finansiële uitkoms en fisiese beskerming. Bid veral dat Christene hulle prakties sal bystaan en so sal getuig van Hom wat die nood van alle kinders raaksien. Vra dat hierdie kinders Jesus as hulle persoonlike Verlosser en Versorger sal leer ken en hulle laste vir Hom sal gee.

Fokus op hernubare energie
Volgens navorsing deur die *Suid-Afrikaanse Wind Energie Assosiasie (SAWEA)* kan hernubare energie teen 2025 tot 100TWh elektrisiteit voorsien, of 25% van Suid-Afrika se verbruik. *SAWEA* het 'n voorlegging aan die regering gedoen met 'n oproep dat die land 'n bindende doelwit moet stel dat 25% van al die kragvoorsiening teen 2025 vanuit hernubare energiebronne afkomstig moet wees. Webwerf: http://www.esi-Afrika.com/node/11241 Dank die Here vir antwoorde op gebed vir osoon-vriendelike elektrisiteitsvoorsieningsprojekte. Bid dat die besluitnemers 'n oplossing sal vind vir die groeiende tekort aan energie-voorsiening. Bid ook dat elektrisiteit binnekort deur meer as een organisasie beskikbaar gestel sal word om sodoende gesonde besigheidsmededinging te bevorder.

Wat kan ons vir ons kinders/jongmense bid?
- Vir die wedergeboorte en geloofsekerheid van jou eie en elke kind. Dit is die heel belangrikste gebed wat jy vir enige kind/jongmens kan bid. Jesus sê dat elkeen weergebore moet word (**Joh.3:3**). En hou áán met bid – moenie moedeloos word nie.

- Bid dat God die werk wat Hy begin in elke kind se lewe, sal klaarmaak, m.a.w. dat 'n kind nie gedurende een of ander stadium van sy/haar lewe sal afdwaal en die rug op God sal keer nie. Bid voortdurend hiervoor soos die Heilige Gees jou lei. (**Fil.1:6, Joh.10:28,29**).
- Bid nou reeds vir jou kinders se huweliksmaats. Bid dat jongmense rein die huwelik sal binnegaan en rein sal bly. (**Spr.2:16** – *Die wysheid sal jou weghou van die slegte vrou af, die vrou met die verleidelike praatjies*.)
- Bid dat rampe hulle nie sal tref nie (Jabes se gebed – **1 Kron.4:10**).
- Bid nou reeds vir jou eie en ander se nageslag, dra hulle aan hulle Skepper op. Bid die belofte van **Ps.112:2** vir jou nageslag, nl. '*die geslag van die opregte word geseën*'.
- Moenie vergeet om dankie te sê vir beantwoorde gebede nie. NB: Gee die eer aan die Here en nie aan jouself nie.
- Neem die boek van Spreuke as riglyn en bid dat God se wyshede wat deur Salomo weergegee word, in jou kind se lewe gevestig sal word.

Vrydag 21 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Kinders wat 'n broer of suster of ouer se dood veroorsaak het

Bid vir kinders wat direk of indirek die dood van 'n suster, broer of veroorsaak of deel daaraan gehad het. (Bv. 'n geweer wat afgaan, 'n verdrinking van 'n boetie of sussie terwyl die ouers nie daar was nie.) Bid dat ouers nie die betrokke kind doelbewus of onbewustelik sal verwyt nie. Bid veral vir die kind/jongmens self - vir die aanvanklike verwerking van die skok en ongeloof dat so iets kon gebeur, vir bevryding van skuldgevoelens. Bid dat hulle hulleself sal vergewe en nie jare lank met hierdie las sal leef nie.

Fokus op wêreldwye voedselsekuriteit

Die beskikbaarheid van water is van die allergrootste belang vir die produksie van voedsel wêreldwyd. Waterbronne in SA loop tans deur onder erge besoedeling. Die produkte (veral vrugte en groente) wat daarmee besproei word, raak onveilig om te eet. Dit is hoofsaaklik myne en rioolaanlegte wat besoedeling veroorsaak omdat hulle besoedelde water op gevaarlike maniere stort en hulle stelsel vir die suiwering van water nie behoorlik werk nie. Waterbesoedeling is wêreldwyd 'n groot probleem. Webwerf: http://www.grainmilling.org.za Bid vir oplossings wat vinnig en effektief geïmplementeer kan word, veral ook in SA.

Saterdag 22 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Kinders alleen en in gevaar by die huis

Daar is soveel enkelouers wat noodgedwonge hulle kinders in die sorg van ander mense moet laat terwyl hulle sukkel om die pot aan die kook te hou. Sommige kinders word selfs heeltemal aan hulle eie sorg oorgelaat terwyl die ouer of ouers werk. Bid vir die kinders van ouers in informele nedersettings wat soggens 04:00 busse of taxis moet haal en soms kleuters onder die sorg van jong kinders by die huis moet los! Bid dat hierdie kinders veilig sal wees en nie gemolesteer, verkrag of ontvoer sal word nie. Bid vir meer kleutersorgsentrums. Bid dat hierdie kindertjies sal leer hoe om vir hulle eie veiligheid te bid.

Fokus op die nasies: Republiek van Ierland

Die Republiek van Ierland, met 5,9 miljoen mense bewoon sowat 83% van die eiland. Noord-Ierland (geleë in die noordooste) is deel van die Verenigde Koninkryk. Die voorspoed van die afgelope paar jaar is vinnig besig om te verdwyn en baie mense het ernstige finansiële nood. Bid vir die groeiende Moslemgemeenskap in Ierland, dat hulle Christus sal ontmoet. Bid ook dat God 'n generasie van jongmense sal oprig wat honger en dors na Hom en ook om Sy heerlikheid te sien. Dat God herlewing in Sy kerk in Ierland sal gee.

Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/republic-of-ireland/4540591723

Sondag 23 Januarie 2011

Bid die Woord (7) (Verv. 16 Jan.)

Die Woord is aktief. **Hebreërs 4:12** sê die Woord is *skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.* In **Openbaring 1:16** lees ons *'n skerp swaard met twee snykante het uit Sy (Jesus) mond uit gekom.* Die Woord is soos 'n swaard, dit verdeel, ontbloot, bring aan die lig, help ons verstaan wat regtig in ons harte aan die gang is. God sê: *My woord is soos vuur, sê die Here, soos 'n hamer waarmee klippe stukkend gebreek word.* Bid dat Sy Woord deur koue, goddelose harte sal sny en redding sal bring.

Die Woord en God se skeppingsdoel: Ons is God se verteenwoordigers op aarde. Ons tree namens God op aarde op. **Genesis 1:26-27** leer dat God aan *óns* die opdrag gegee het om oor die aarde te heers, dit te bewerk en te bewaak. As medewerkers van God heers God *deur* ons oor die aarde. Volgens Sy Woord, het God gekies om nie sonder ons oor die aarde te heers nie. Die heerskappy oor die aarde is aan ons toegesê. Dit wat ons kies om te doen, sal gebeur. Alleen wanneer mense toelaat dat God Sy wil aan hulle bekendmaak en in gehoorsaamheid Sy wil uitvoer, kan God Sy doel met die skepping bereik. Sonder *ons toestemming, ons medewerking,* kan Hy dit nie doen nie - nie omdat Hy nie kan nie, maar omdat Hy so gesê het en Homself ondergeskik stel aan Sy Woord. Lees weer **Mattheus 17:20**: *Dit verseker Ek julle: As julle maar geloof het so groot soos 'n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê: 'Gaan staan daar anderkant!' en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.* Dit is belangrik om daarop te let dat hier 'n verband is tussen wat ons *sê* en *wat moontlik is of nie moontlik is nie*. Wat ons *sê*, sal skep, sal tot stand bring. (Aangehaal uit *Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert). Is daar 'n 'onmoontlike' saak waarvoor jy bid? God sê dis nie vir Hom onmoontlik nie – bid opnuut met geloof in die God van **Matt.17:20**.

Maandag 24 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Kinders van afwesige ouers

Daar is wêreldwyd afwesige ouers - ouers wat so besig raak met hulle eie eer, sukses en 'saak', dat hulle dikwels te laat en soms nooit besef hoeveel skade hulle hulle eie kinders berokken nie. Baie van hierdie kinders word naweke, eksamentyd en vakansies aan hulle eie of die sorg van huishulpe oorgelaat. Dikwels raak hulle betrokke by verkeerde en gevaarlike dinge. Daar is Christen mans/vroue wat so betrokke raak by die kerk dat hulle hulle eie kinders onbewus geestelik en emosioneel verwaarloos. Daar is selfs selde tyd om vir hulle eie kinders te bid! Pleit dat ouers se oë sal oopgaan, hulle kinders se geweldige behoefte aan hulle as ouers sal raaksien en iets daaraan sal doen! Bid vir die kinders, om ook op hulle beurt terug te draai na hul ouers.

Deurbraak: Kinders van Thailand beleef die krag van God deur gebed

Kinders van Thailand het die krag van gebed en vertroue op God prakties beleef nadat 'n veldbrand byna hulle woonplek vernietig het. 'n Kinderhuis in Thailand het berig ontvang van 'n veldbrand in die omgewing, met die kinderhuis reg in sy pad. Die werkers het dringende gebedsversoeke via e-pos uitgestuur en met die kinders na 'n bergtop gehaas. Daar het die kinders begin om God te aanbid en te pleit vir hulp. Alhoewel Thailand in die middel van hulle droë seisoen was, het hulle God vertrou om reën te stuur. Die vuur het vinnig versprei, maar kort voordat die kinderhuis omring was, het hulle donderweer gehoor. Binne 'n uur het dit begin reën, eers saggies en later stortreën, totdat die vuur geblus is! Bid dat die kinders hierdie wonderwerk dwarsdeur hulle lewens sal onthou en gebruik om te getuig van die krag van Jesus in hulle lewens. Bid dat hulle met kinderlike vrymoedigheid van Christus sal getuig teenoor die mense in hulle gemeenskap. Webwerf: http://mnnonline.org/arc*MI*Ves/topics/orphanage

Artikel: Tieners wat bid: Hoe bid ek vir myself?

Dit is nodig dat ons vir onsself ook moet bid en nie altyd net vir ons ouers en ander mense moet vra om vir ons te bid nie. Ons moet self ook leer om voor God se troon te gaan staan en met Hom te praat. Toe God ons geskep het, was dit Sy bedoeling dat ons *fellowship* met Hom sal hê. So dikwels het ons met almal *fellowship* behalwe met Hom. Wat 'n voorreg is dit nie om direk met die magtigste Persoon in die heelal te mag f*ellowship* en te *journey* nie!

1. Vra die Here om vir jou te wys wie Hy is en om jou te help om Hom te leer ken. Dit is hoekom die Heilige Gees aan ons gegee is. Hy wil ons leer wie Jesus is en ook wat Jesus Christus se woorde beteken.
2. Vra die Here om vir jou te wys hoe Hy oor jou dink en voel. Neem dan jou Bybel en begin lees deur die boeke **Johannes** en **1 Johannes** – glo dit wat jy lees en vra die Heilige Gees om dit in jou gedagtes vas te lê.
3. Dit is ook belangrik om vir God te vra wat Sy wil vir jou lewe is. (Maar vra vir God die Vader eerstens om Homself aan jou te openbaar en vir jou te wys hoe Hy oor jou voel.) Moenie haastig wees nie. Ons leer God se wil vir ons lewens ken deur in die eerste plek die Bybel te lees. Vandag wil almal kits-antwoorde hê. Ons sit en wag vir 'n profetiese woord of ons vra tekens of drome. Natuurlik kan God Sy wil so ook openbaar. Dit is egter belangriker om die Bybel self te lees en God se wil vir Christene oor die algemeen te verstaan. Daarna is dit makliker om te verstaan wat God se wil vir jou eie lewe is.
4. Dit is belangrik dat ons gereeld vir die Here sal vra om vir ons te wys watter dinge daar in ons lewens is wat Hom hinder. Die dinge wat Hom hinder is altyd dinge wat tot ons eie nadeel is. Vra die Here om vir jou enige sonde of enige iets wat twyfelagtig is te wys. Bely dit voor God en hou op daarmee. As ons dit nie doen nie, verhinder dit ons gebede en begin dit 'n muur tussen ons en God vorm (**Jes.59:1-2; Ps.66:18**). Wanneer ons egter ons sonde bely, vergewe God ons en maak dit weer die pad na die troon van God vir ons oop (**1 Joh.1:9**). **Spreuke 28:13** sê: *Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang*.
5. Bring jou eie behoeftes, probleme en seer na God toe. Die Bybel sê God het medelye met ons swakhede (**Heb.5:3**). Hy verstaan ons pyn en swaarkry omdat Hy terwyl Hy op aarde was, ook swaargekry het, verkeerd verstaan is, verwerp is en pyn ervaar het. Wanneer jy dus met Hom praat, praat jy definitief met Iemand wat jou verstaan omdat Hy self deur sulke ervarings gegaan het. Baie mense bring egter hulle probleme en pyn en behoeftes na God en loop dan weg. Neem tyd om op God te wag en te hoor wat Hy vir jou sê. 'n Dagboek of joernaal waarin jy jou gebede kortliks neerskryf asook dit wat jy beleef die Here vir jou daarop antwoord, sal jou dalk help om te fokus. Bid weer en weer oor hierdie sake, luister en wag. Lees die Bybel en vra die Here om jou uit die Woord te leer en vir jou antwoorde te gee. Onthou **Matt.7:7-8**: *Bid en vir jou sal gegee word, soek en jy sal vind, klop en vir jou sal oopgemaak word*. Dit is Jesus se eie woorde.
6. Bid vir jou eie geestelike groei. Daar is dinge waarvoor elkeen van ons voortdurend moet bid: vir meer liefde vir ander, om te kan vergewe, om ander nie seer te maak nie, om nie kwaad te praat nie, om geestelik te kan onderskei tussen die waarheid en leuens, hoe om weerstand te bied teen die aanslae van die duiwel.
7. Laastens is dit baie belangrik om vir die Here te vra om vir jou te wys hoe jy vir ander tot seën kan wees. Die meeste van ons is net so op onsself ingestel: ons gemak en gerief, ons behoeftes, ons pyn, ons prestasie, ens. Jesus het gekom om Sy lewe vir ons en vir ander af te lê. Laat ons daaruit leer om ons lewens vir ander af te lê. Wanneer ons dit doen, eienaardig genoeg, begin ons eie lewens sin maak en bring dit ongekende vreugde in ons harte. Vra die Here om vir jou praktiese geleenthede te gee waar jy iemand in nood kan help.

Dinsdag 25 Januarie 2011

Fokus op die jeug: Ons kinders word blootgestel aan 'n "idol" kultuur

Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig (**Rom.1:25b**). Wêreldwyd verskyn daar gereeld menslike sterre wat hulle voorkoms, talente en gewildheid "verkoop" en mettertyd die wêreld aan hulle voete het. Hollywoodsterre vlieg met hulle eie stralers en leef soos gode. Kinders en tieners vergaap hulle aan Hannah Montana en die Jonas Brothers, Bratt Pitt en Angelina Jolie. Bid dat ons en ons kinders ons nie sal laat verlei deur tydelike glans nie; om ten alle koste hierdie sterre te wil navolg, en selfs bereid word om al ons beginsels prys te gee om in hulle voetspore te volg nie. Bid dat hulle Jesus se Goddelike, ewige glans sal sien: *Die Weg, die Waarheid, die Lewe*, die Lig, die Algenoegsame.

Fokus op Bybelvertaling: Nagaan van manuskripte in sensitiewe gebiede
Verifiëring (toetsing, nagaan) is 'n kritieke stap in die proses van Bybelvertaling. Moedertaalsprekers wat geen vorige kennis van 'n teks het nie, word gevra om dit te lees of na dele van die proefteks te luister en dan vrae te beantwoord oor die betekenis, verstaanbaarheid en korrektheid van die teks. Hulle insette help die vertalingspan om die proefstuk te hersien en te verbeter. In sensitiewe areas is dit egter moeilik om mense te vind wat bereid is om na die Skrif te kyk en terugvoer te gee. Bid asb. vir wysheid en guns om die regte mense te nader en dat hulle gewillig sal wees om te luister en sinvolle terugvoer sal gee. Bid dat die Woord tot hulle sal spreek. Vra vir God se seën en beskerming vir dié wat hierdie belangrike werk bestuur en vir ander spanne wat ook op soek is na moedertaalsprekers om te help met die toetsproses. *Wycliffe* Prayer Focus Bulletin. Webwerf: http://www.wycliffe.org/pray.aspx of e-pos: Personnel_SouthAfrika@wycliffe.org

Woensdag 26 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Bid vir kinders van verslaafde ouers
Daar is kinders wat daagliks lewe met die vernedering en pyn wat gepaard gaan met 'n ouer/ouers wat aan een of ander vorm van verslawing ly - 'n ma lê dronk in die bed, 'n pa met spuitnaaldmerke lê op die bank. Bid vir hierdie getraumatiseerde kinders. Bid dat hulle nie self sal deel word van 'n verslawingspatroon nie. Pleit vir hulle fisiese veiligheid en versorging en vir finansies om hulle eie drome te verwesenlik. Vra dat vriende, familie en onderwysers hulle sal ondersteun op alle terreine. Bid dat hulle Jesus as die Ingryper en Hoop van hulle lewe sal leer ken.

Fokus op die nasies: Kosovo
Kosovo (wat deel was van die vorige Joego-Slawië) het selfregerend geword toe die parlement op 17 Februarie 2008 hulle onafhanklikheid van Serwië verklaar het. Die Verenigde State en baie Europese lande het Kosovo se onafhanklikheid erken, terwyl Serwië en van sy bondgenote, onder andere Rusland, die onafhanklikheidsverklaring as onwettig verklaar het. Ongeveer 90% van Kosovo se twee miljoen inwoners is etniese Albaniërs, waarvan die meeste Moslems is. Kosovo se ekonomie is in die 1990s geknel deur swak ekonomiese beleid, internasionale sanksies, beperkings op uitvoer en finansies saam met etniese konflik; soveel so dat dit tans een van die lande met die swakste ekonomieë in Europa is. Bid dat die Christene in Kosovo sterk sal staan en dapper genoeg sal wees om oor hulle geloof teenoor vriende en familie te getuig. Bid ook dat die kerk in Gjakova verenig sal word en bereid sal wees om met die wonde van die verlede te deel. Bid verder vir die plant van nuwe, selfonderhoudende gemeentes en vir herlewing in die bestaande kerk. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/kosovo/4541109665

Donderdag 27 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Kinders wat nie gedissiplineer word nie
Dit was nie net Eli wat nie sy seuns gedissiplineer het nie. In **1 Konings 1:6** lees ons '*Sy vader (koning Dawid) het hom (Adonia) van kleins af nooit berispe of vir hom gevra: "Hoekom maak jy so?" nie.*' Kom ons pleit dat ouers ten spyte van wetgewing wat wêreldwyd dissiplinering begin verbied, hulle kinders so lief sal hê dat hulle wanneer nodig met liefde en wysheid hulle kinders positief sal tugtig en vir hulle

die pad van die Bybel sal aanwys. Bid vir die herstel van gesonde gesagstrukture in ouerhuise, skole en universiteite.

Fokus op die nasies: Nederland
Die eerste verskansing teen die oseaan in Nederland is sowat 800 jaar gelede opgerig. Vandag is daar meer as 2 400 kilometer-lange dyke wat die laagliggende gebiede (waarvan die helfte laer as seevlak is) teen die oorspoeling van die Noordsee beskerm. Sonder die bestaande dyke (walle), sou 65% van die land daagliks oorspoel word. Nederland het 'n verkiesing in Junie 2010 gehou. Bid asseblief vir die nuwe regering - om God-gegewe wetgewing oor aborsie, prostitusie, dwelmhandel en genadedood in te stel. Bid vir herlewing in gesinne en in die kerk, sowel as herlewing onder kerkleiers. Bid dat God weer hierdie nasie se eerste liefde sal wees. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/netherlands/4540114261 (Volgens 'n betroubare bron is daar talle gevalle van molestering binne Nederlandse gesinne a.g.v. die gebrek aan morele waardes.) Pleit dat God sal ingryp en hele Nederlandse gesinne sal red.

Vrydag 28 Januarie 2011
Fokus op die jeug: Kinders wat jy ken
Bid vandag spesifiek vir jou eie kinders/kleinkinders en ander kinders wat jy persoonlik ken. Bid by name vir bure se kinders, kinders/jongmense in jou plaaslike skool of in 'n universiteit in jou stad, vriende van jou kinders en kennisse se kinders. Vra God om jou duidelik te wys waarvoor jy moet bid. Hy het hulle in die moederskoot gevorm en wil hulle name in die palm van Sy hand skryf. (**Jes.49:16**).

Fokus op wêreldwye voedselsekuriteit
Deel van die oplossing om genoeg voedsel vir almal oral in die wêreld te hê, is dat boere met behulp van biotegnologie meer en goedkoper kan produseer. Baie regerings in Afrika waar daar tekorte en hongersnood is, wil nie biotegnologie in hulle lande toelaat nie. Dit is nie dat dit onveilig is nie, maar volgens hulle wil hulle nie afhanklik raak van ander lande en privaat multinasionale maatskappye wat saad verkoop nie. Hierdie wantroue in die mensdom bring mee dat letterlik miljoene kinders en volwassenes honger ly en dikwels ook doodgaan. Webwerf: http://www.grainmilling.org.za Bid asseblief vir 'n dringende deurbraak op hoë-vlak besluitneming ten opsigte van voedselsekuriteit.

Saterdag 29 Januarie 2011
Fokus op die media: *Christian Broadcasting Suid-Afrika (ACB)*
Die voorgestelde *Public Broadcasting Services (PBS)* wetsontwerp maak nie net voorsiening dat die SAUK met 'n verdere 1% belastinggeld befonds sal word nie (vervanging van lisensiegelde), maar ook met uitgebreide regulasies vir Gemeenskapsuitsaaidienste, wat Christelike radio- en televisiestasies verder kan marginaliseer. (Tans sal dit nie satelliet uitsaaidienste beïnvloed nie). Bid dat Gemeenskapsuitsaaidienste nie deur die nuwe wetgewing geaffekteer sal word nie. Die *Independent Communications Authority of South Africa (ICASA)* sal lisensies vir nuwe FM kommersiële radiostasies in die Durban, Kaapstad en Pretoria omgewings uitreik. Daar is twee Christelike aansoeke wat met die 12 tot 15 ander kandidate vir die Durban en Pretoria lisensies moet kompeteer. Bid dat Christelike uitsaaiers suksesvol sal wees as kommersiële radio-diensverskaffers. Webwerf: www.acb.org.za of e-pos: info@acb.org.za

Fokus op die nasies: Estland
Estland, met die kleinste bevolking van die vorige Sowjet-republieke, is 'n laagliggende gebied langs die Baltiese See, met 1,500 mere en baie woude. Estland het in Maart 2007 die eerste land geword wat stemming via die Internet toegelaat het tydens hulle Parlementêre verkiesing. Die toetrede tot kapitalisme het rykdom gebring – tesame met 'n daling van morele waardes. In Estland se groeiende ekonomie bestaan weelde reg langs geweldige armoede. Die westerse styl van materialisme kan oral

gesien word en misdaad en egskeidings het sedert 1991 die hoogte in geskiet. Bid dat die Heilige Gees 'n honger en dors na God en Sy geregtigheid onder die mense sal bring. Bid dat die kerk nie swak sal raak, noudat daar godsdiensvryheid is en nie meer vervolging nie. (Nominalisme is algemeen in die tradisionele Lutheraanse staatskerke.) 'Jonger' kerke (Pinksterkerke, Charismatiese kerke, Baptiste kerke) toon baie meer groei as die ander kerke. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/estonia/4541265175

Sondag 30 Januarie 2011

Bid die Woord (8) (Verv. 23 Jan.)

God begeer dat ons nie *vir* Hom sal werk nie, maar *saam met* Hom. Ons is medewerkers van God. *Die hemel is net vir die Here, maar die aarde het Hy aan die mense gegee (letterlik: aan die mense toegesê).* (**Ps.115:16**). Die Woord leer ons ons skeppingsdoel, waarom ons gemaak is, wat ons roeping is, waarvoor ons bestem is. Die beloftes van God in die Woord is om ons by ons skeppingsdoel (*purpose, destiny, calling*) uit te bring. God is nie in die eerste plek geïnteresseerd in ons planne, ons idees, ons ideale en ons begeertes nie. Hy het ons met 'n doel geskep en in Sy soewereiniteit en almag is Hy besig om Sy raadsplan met ons en die wêreld uit te werk. Daarom moet ons *op grond van die Woord en vanuit die Woord leef.* **Josua 1:8** en **Psalm 1:1-2** leer ons om die Woord dag en nag te oordink. **Psalm 119** leer ons dat die Woord elke faset van ons lewe, ons denke, wil en emosies moet beheer en deurdrenk.

Die sfeer van die onmoontlike: Die Woord help ons om te verstaan wat vir God moontlik is. **Lukas 1:37** leer: *Niks is vir God onmoontlik nie,* wat letterlik vertaal kan word met: *Nie een van God se woorde is sonder krag nie.* Die Woord neem ons tot in die sfeer van die menslik onmoontlike. Die Woord wat uit God se mond uitgaan, keer nooit leeg na Hom toe terug nie. Dit skep en herskep en bereik Sy doel elke keer (**Jes.55:11**). Wanneer ons die Woord bid, stel dit die kreatiewe, herskeppende en herstellende krag van die Woord vry. God is *Ek is*. Dit beteken, Hy kan. *Ek is*, is teenwoordige tyd, Hy is elke oomblik daar, elke oomblik aktief besig om te werk. Let op die dubbele verwysing na die "woord" in **Handelinge 20:32** die werking van die Woord: *Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die Woord van sy genade. Die Woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het.* (Aangehaal uit *Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert). Bid dat Christene wêreldwyd weer die Woord sal bid, hulle sal beroep op Sy beloftes en die voorwaardes sal nakom. Bid ook dat Christene sal ophou om in eie krag, eie planne te maak in plaas daarvan om God toe te laat om te lei.

Fokus op *Wêreld Melaatsheid Dag*

Vandag is *Wêreld Melaatsheid Dag.* Volgens die nuutste berekeninge (met verwysing na 2007) van die *Wêreld Gesondheidsorganisasie (WHO)*, was daar in 2007 254,525 nuwe gevalle van melaatsheid, met 212,802 mense wat reeds daarvoor behandel word. Ongelukkig word kinders ook deur hierdie siekte getref. Volgens berekening van *AIFO (die Italiaanse Assosiasie van die vriende van Raoul Follereau)*, 'is daar jaarliks 40 000 kinders met melaatsheid'. Ongeveer 12% van alle nuwe gevalle van melaatsheid is kinders onder die ouderdom van 15 jaar.

Webwerf: http://www.leprosymission.org.uk/ Bid spesifiek vir kinders wat ly aan melaatsheid en vra God om hulle heeltemal te genees. Bid ook vir elke familielid wat woon saam met 'n persoon wat aan melaatsheid ly.

***Sanctity Life* Sondag**

Vandag is ook *Sanctity Life* Sondag. Pastore in Suid-Afrika word aangemoedig om te preek oor die Bybelse lering oor aborsie en om mense in hulle gemeentes te lei in gebed en verootmoediging hieroor. As die meeste kerklidmate verstaan wat die Bybel leer oor waar lewe begin, die heiligheid (onskendbaarheid) van lewe en ons as Christene se verantwoordelikheid om te veg vir die reg van lewe vir babas voor hul geboorte; sal duisende kosbare lewens gered word van aborsie. Vir meer inligting,

kontak: *Africa Christian Action*, Tel.: 021 689 4480. Webwerf: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za Bid dat politieke leiers hulle sterk sal uitspreek teen die huidige wetgewing. Bid dat Christene invloedryke posisies sal beklee sodat hulle God se siening oor hierdie saak kan bevorder. Bid vir dokters en verpleegsters om hierdie saak aan te spreek, dat hulle die vryheid sal hê om te mag weier om aborsies uit te voer. Bid tot God om genade vir ons land, omdat ons tans aborsie toelaat.

Maandag 31 Januarie 2011

Fokus op gesondheid: SA 'n 'leier in hartmedikasie' met nuwe tegnologie

Die behandeling van hart-ritme versteurings onder hartpasiënte in 'n groot Kaapstadse hospitaal, waar kardioloë splinternuwe tegnologie aanwend deur 'n prosedure met robot-tegnologie uit te voer terwyl hulle fisies buite die teater sit, is revolusionêr. Die tegnologie en ervaring wat daarmee saamgaan, maak Suid-Afrika "'n leier in die veld van hartmedikasie". Webwerf: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=125&art_id=vn20100312123244569C499959 Dank die Here vir antwoorde op gebed vir mediese deurbrake en navorsing. Bid dat hierdie navorsing sal voortgaan, tot voordeel van Suid-Afrika en baie pasiënte in die toekoms. Loof God vir hierdie deurbraak.

Fokus op Bybelvertaling: 'Virtuele' spanne in sensitiewe areas

Die nimmereindigende verskeidenheid van elektroniese kommunikasietoerusting is 'n groot seën en stel spanlede in staat om effektief saam te kan werk, selfs wanneer hulle fisies baie ver van mekaar af is. Bid vir goeie kommunikasievaardighede, veral wanneer vertaalwerk oor kultuur- en taalgrense heen gedoen word. Bid dat daar nie misverstande sal wees nie. In Europa is 'n vrou wat 'n kollega in sy geboorteland help om 'n woordeboek op te stel. Bid vir haar en vir baie vertalingspanne in soortgelyke situasies. *Wycliffe* Prayer Focus Bulletin. Webwerf: http://www.wycliffe.org/pray.aspx of e-pos: Personnel_SouthAfrika@wycliffe.org

Gebedsfokus op Boeddhisme

Gedurende Februarie bid ons spesifiek vir die honderde miljoene Boeddhiste wêreldwyd. Inligting word gegee oor dit wat hulle glo, hoe dit van die Bybel verskil en ook die invloed van Boeddhisme in Suid-Afrika. Boeddhisme verstrengel mense met on-Bybelse filosofiese en humanistiese beginsels, maar daar is ook baie sterk demoniese aktiwiteit binne Boeddhisme. Boeddhiste strewe daarna om al beter en beter te lewe sodat hulle uiteindelik hemel toe kan gaan, en verstaan nie dat Christus alleen hulle van hulle sonde kan verlos nie. Vra die Heilige Gees hoe en wat om te bid. Voeg ook ander navorsing wat jy mag bekom by die inligting wat hier gegee word, sodat jy meer doelgerig kan bid.